# KAROO HOOGLAND
## MUNISIPALITEIT

# VAKATURE:
# INTERNSKAP: FINANSIES (2 poste)
### VERWYSINGSNOMMER: FIN-INTERN:001/007/2018

Aansoeke word ingewag van potensiële kandidate wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir die vul van bogenoemde vakature op die diensstaat van die Munisipaliteit.

**POS VEREISTES:**

- Onlangs gegradueerdes met 'n 3 jaar Graad/Diploma in Finansiële Bestuur (Rekeningkunde, Finansies, Risikobestuur en Ouditkunde)
- Kandidate wat nie 'n 3 jaar Graad/Diploma in Finansiële Bestuur of Ouditkunde het nie, maar wel 'n naskoolse kwalifikasie in Rekeningkunde, Finansies, Risikobestuur en Ouditkunde, bv 'n N4, N5 of N6 word ook aangemoedig om aansoek te doen.
- Die aansoeker moet gemotiveerd wees en 'n aanwins vir die Finansiële Administrasie wees.
- Moet rekenaargeletterd wees en oor kennis van Excel en Word rekenaarprogramme beskik.
- Kandidate moet bereid wees om in alle afdelings van die Direktoraat: Finansies van die Munisipaliteit diens te doen.
- Kandidate moet bereid wees om werkswinkels by te woon.

**DOEL VAN INTERNSKAP:**

- Om belangstellendes met die nodige kwalifikasies bekend te stel aan die Munisipale Finansiële Bestuur en betrokke te wees by 'n strategiese finansiële program.
- Behulpsaam te wees met die implementering van die finansiële hervormings prosesse.
- Hierdie program is daarop gemik om kandidate op te lei in praktiese Plaaslike Owerheid Finansies.

**SALARIS:**

- Twee jaar kontrak, R 100 000 per jaar alles insluitende pakket.
- Suksesvolle kandidate sal direk onder die toesig van die Finansiële Bestuurder en die Munisipale Bestuurder geplaas word.

**ALGEMEEN:**

- Oorspronklik gesertifiseerde afskrifte van u identiteitsdokument, kwalifikasies, rybewys en twee onlangse verwysings of getuigskrifte jonger as 1 jaar, tesame met 'n volledige Curriculum Vitae, moet u aansoek vergesel
- **ONVOLLEDIGE AANSOEKE SAL NIE OORWEEG WORD NIE**
- Indien u nie binne 14 dae vanaf sluitingsdatum terugvoering ontvang het nie, moet u die aansoek as onsuksesvol aanvaar.
- Aansoekvorms moet onderteken wees.(aansoekvorms beskikbaar op aanvraag by die Menslike Hulpbronne Kantoor te Williston)

**Sluitingsdatum: 13 Augustus 2018**

Rig 'n omvattende CV, wat streng as vertroulik hanteer sal word: **Aansoek vir Internskap Finansies**, vir aandag : Mnr JJ Fortuin, Privaatsak X03, Williston, 8920. Die aansoekvorm is verkrygbaar by Mnr D Malan. Navrae kan gedurende kantoorure gerig word aan Mnr SJ Myburgh by die onderstaande telefoonnommer.

**Mnr JJ Fortuin *(Munisipale Bestuurder)***
Tel. 053 – 3913 003
Datum: 20 Julie 2018

---

Goedgekeur vir advertering website, kennisgewing borde en Noordwester
17/7/2018